

KORPORATIEWE BEHEER

22

AFGRI se Direkteure is ten volle verbind tot die toepassing van beginsels van dissipline, onafhanklikheid, verantwoordelikheid, billikheid, sosiale verantwoordelikheid, deursigtigheid en verantwoording teenoor alle belanghebbendes.

Die Direksie is van mening dat die Groep tans voldoen aan die belangrikste vereistes van die Kode van Korporatiewe Praktyke en Gedrag, soos aanbeveel in die King II Kode van Korporatiewe Beheer vir Suid-Afrika 2002 en die JSE Beperk ("JSE") se Noteringsvereistes.

DIREKSIE EN UITVOERENDE BESTUUR

Die Direksie is 'n unitêre Raad wie se primêre verantwoordelikheid is om strategiese rigting aan AFGRI te gee, sleutelrisiko- en prestasie-areas vir die Groep se besigheid te identifiseer, beleggingsbesluite te monitor, wesentliche finansiële aangeleenthede te oorweeg, prestasie van uitvoerende bestuur te evalueer, gemeet teenoor besigheidsplanne, begrotings en bedryfstandaarde. Die Direksie handhaaf volle en doeltreffende beheer oor die Groep en het onbeperkte toegang tot alle Maatskappyrekords.

Bestuursmagtigingsvlakke is ingestel vir kapitaalbestedingsprojekte en die verkryging en verkoop van bates. Wesentliche besluite word egter deur die Direksie geneem.

'n Nie-uitvoerende Direkteur, mnr P F Erasmus, is die Voorsitter van die Direksie wat bestaan uit drie Uitvoerende Direkteure en tien Nie-uitvoerende Direkteure. Besonderhede van die huidige Direkteure soos op 16 Mei 2006, en hul bywoning van Direksie- en komiteevergaderings word onderskeidelik op bladsye 6 en 26 uiteengesit.

Direksievergaderings word ten minste kwartaalliks gehou, met addisionele vergaderings indien omstandighede dit noodsaak. Nie-uitvoerende Direkteure vergader nie sonder die teenwoordigheid van die Voorsitter en Uitvoerende Direkteure nie. Effektiewe voorsitterskap en 'n formele agenda verseker dat alle sake wat aandag verg, bespreek word, verrigtinge doeltreffend hanteer word en alle toepaslike aangeleenthede aangespreek word. Alle relevante inligting word betyds aan Direkteure voorsien.

Direkteure het onbeperkte toegang tot die Groep Maatskappysekretaris, wat as 'n adviseur vir die Direksie en sy subkomitees optree oor sake insluitende die nakoming van Groep beleid en prosedures, statutêre wetgewing, die JSE Noteringsvereistes asook die King II Kode van Korporatiewe Beheer.

Verder kan die advies van onafhanklike professionele persone in gepaste omstandighede deur enige Direksielid, op die Maatskappy se koste, aangevra word. Die naam en adres van die Groep Maatskappysekretaris verskyn op bladsy 118.

DIREKSIE SUB-KOMITEES

Spesifieke verantwoordelikhede is aan Direksiekomitees, met 'n gedefinieerde opdrag, gedelegeer. Die huidige Direksiekomitees is:

VERGOEDINGSKOMITEE

| | |
|-------|-------------------------|
| Lede: | PF Erasmus (Voorsitter) |
| | NO Davies |
| | GAL Ebedes |
| | MM Moloele |
| | FJ van der Merwe |

Die Vergoedingskomitee bestaan uit vyf Nie-uitvoerende Direkteure onder voorsitterskap van 'n Nie-uitvoerende Direkteur van die Groep. Die komitee het ses keer gedurende die finansiële jaar vergader.

Die funksie van die komitee is om 'n breë vergoedingstrategie vir die Groep goed te keur en om te verseker dat Direkteure en senior uitvoerende beamptes toereikend vir hul bydrae tot AFGRI se bedryfs- en finansiële prestasie vergoed word. Die drie hoofelemente van die vergoedingstruktuur is gewaarborgde pakkette, 'n korttermyn-aansporingskema en langtermyn-toekennings (aandele-opsies). Die nodige aandag word deurentyd aan opvolgbeplanning en die behoud van uitvoerende beamptes in sleutelposte, gegee.

Die komitee beoordeel ook die aanbevelings vir Nie-uitvoerende Direkteursvergoeding en komiteefooistrukture, teenoor markinligting, voordat dit aan die Direksie voorgelê word.

Geen Direkteur het 'n dienskontrak van langer as drie jaar nie. Besonderhede van dienskontrakte, handelsbeperkings en Direkteursbelange in uitgereikte aandele van die Maatskappy word op bladsy 37 van hierdie jaarverslag verskaf.

Die vergoeding wat aan Uitvoerende en Nie-uitvoerende Direkteure van AFGRI betaal word, sowel as besonderhede van aandele-opsies, word op bladsy 108 tot 110, aantekening 8 van die Maatskappy se jaarverslag, openbaar.

ODUIT- EN RISIKOBESTUURSKOMITEE

| | |
|-------|------------------------|
| Lede: | NO Davies (Voorsitter) |
| | JJ Claassen |
| | I de W Goosen |
| | KL Thoka |
| | FJ van der Merwe |
| | JD Wright |

Hierdie Komitee bestaan uit vier Nie-uitvoerende en twee Uitvoerende Direkteure met 'n Nie-uitvoerende Voorsitter en vergader ten minste twee keer per jaar met bestuur en die eksterne en interne ouditeure.

Oudit

Die Ouditkomitee evalueer die doeltreffendheid van die risikobestuursproses en interne beheer in die Groep met betrekking tot die bevindings van beide die interne en eksterne ouditeure en die eksterne en interne risikobestuursoudits. Ander areas wat gedek word, is die hersiening van belangrike rekeningkundige aangeleenthede, insluitend spesifieke openbaarmaking in die finansiële state en 'n hersiening van die belangrikste ouditaanbevelings.

Die interne en eksterne ouditeure het direkte toegang tot die Ouditkomitee.

Risikobestuur

Risikobestuursbeleid

Risikobestuur is 'n integrale deel van bestuursfunksies in die Groep en dit sluit die bestuur van bedryfs- en besigheidsrisiko's in. Die vestiging van 'n meer formele ondernemingswye risikobestuursproses is gedurende die 2005 finansiële jaar geïnisieer, met die volgende hoofdoelmerke:

- Om aan die Direksie die nodige versekering te gee dat wesenlike besigheidsrisiko's sistematies geïdentifiseer, geëvalueer en tot aanvaarbare vlakke verminder word, sodat 'n opbrengs gelewer word wat gelykstaande is aan die risiko; en
- Om die risiko-identifisering en risikobestuur 'n integrale deel van die daaglikse werksaamhede van elkeen in die organisasie te maak.

Implementering van die risikobestuursbeleid

Uitvoerende bestuur is aanspreeklik vir die proses van risikobestuur en vir die daarstelling van geskikte risiko- en kontrolebeleid. Die implementering van die risikobestuursraamwerk is die verantwoordelikheid van elkeen in die Groep.

Risikobestuursproses

Die risikobestuursbeleid word ondersteun deur die Ondernemingswye Risikobestuur- ("ERM") strategie. Hierdie strategie stel risikobestuursprosesse in by alle kritiese besigheidstelsels, wat die Groep in staat stel om 'n voorsorgbenadering te volg tot besigheidsbestuur. Wanneer kritiese besluite geneem word, word daar van bestuurders vereis om verder as net na voor-die-hand-liggende risiko's te kyk en alle bronne van onsekerheid, ingesluit aspekte verwant aan gesondheid, veiligheid, die omgewing en gemeenskap, in ag te neem.

ERM vereis dat bestuur die risiko's verwant aan aktiwiteite onder hulle beheer verstaan en dit daarvolgens bestuur, terwyl dit ook dien om verantwoordbaarheid te stimuleer en te benadruk. Die konteks van alle risikobestuursaktiwiteite is altyd om besigheidsplanne en strategiese doelwitte te kan bereik.

Gedurende die jaar van oorsig, is 'n objektiewe proses van besigheidsrisiko-ontleding by elke divisie en filiaal gevolg, wat gelei is deur Groep risikobestuur en eksterne konsultante. Die risiko-ontleding het aangedui waar verdere bestuursaandag benodig word, wat tans aandag geniet.

Die Direksie het eksterne en interne konsultante aangestel om die Groep se nakoming ten opsigte van sekuriteit, gesondheid en veiligheid, die beheer van risiko, noodbeplanning, voertuigvloot, brandbeheer- en verlieskontroles te oudit. Dit verskaf 'n deurlopende proses vir die identifisering, evaluering en bestuur van wesenlike bedryfsrisiko's vir die Groep.

KORPORATIEWE BEHEER (vervolg)

Die groot inherente besigheidsrisiko's, soos geïdentifiseer volgens 'n bo-na-onderproses op 'n jaarlikse basis, is as volg:

- Graanvoorraad
- Kommoditeitsverhandeling
- Debiteure
- Inligtings- en netwerktegnologie
- Eie versekering
- Debiteure- en voorraadstrukture
- Elektroniese fondsoorplasing
- Spesifieke voorraaditems
- Buitelandse beleggings
- Weersomstandighede

Hierdie risiko's word beheer en bestuur deur eksterne en interne versekeringsprogramme, Groepsbeleide wat blootstelling in spesifieke areas beperk, Groepstesourie, spesifieke bestuursfokus en -strukture soos bemarkings-, verkrygings-, verskansings- en kredietbeleid wat op Groepvlak ontwikkel is.

Verlag oor die effektiwiteit van risikobestuur

Gedurende die jaar is 'n risikobestuurstelsel geïmplementeer om risiko-inligting aan te teken, risiko's toe te wys, te beheer en optrede te vereis van verantwoordelike bestuurders, terwyl dit bestuur ook in staat stel om risikobehaeraktiwiteite te volg en vordering meer effektief te rapporteer.

Alle filiale en divisies rapporteer die effektiwiteit van hulle risikobestuurprosesse, in 'n generiese spreibladformaat, aan Groep risikobestuur, die divisionele ERM komitees en die divisionele Oudit- en Risikokomitees wat op hulle beurt weer deur 'n opwaartse kommunikasieproses aan die Direksie rapporteer.

Verantwoordelikheid van die Direksie

Die Direksie is verantwoordelik vir die beheer van risiko-bestuurprosesse en die kwaliteit van interne kontroleprosesse in die Groep in ooreenstemming met korporatiewe beheer beste praktyke. Die Direksie word ondersteun in hierdie pligte deur Komitees van die Direksie en hulle subkomitees en die risikobestuurfunksie. Vlakke van risikobestuur en beheerstrukture vir die Groep is as volg:

- Oudit- en Risikobestuurskomitee van AFGRI Beperk en spesifieke sub-komitees
- Oudit- en Risikobestuurskomitees van elke divisie
- Ondernemingwye Risikobestuurskomitee binne elke divisie
- Risikobestuurskomitees van elke divisie en filiale

Gebaseer op 'n evaluering van die proses van risikobestuur, is die Direksie van mening dat 'n toereikende en effektiewe stelsel van interne beheer in plek is om redelike sekerheid te gee dat wesenlike risiko's beperk is tot 'n aanvaarbare vlak.

VERKRYGINGSKOMITEE

| | |
|-------|-------------------------|
| Lede: | PF Erasmus (Voorsitter) |
| | CA Apsey |
| | JJ Claassen |
| | MM Moloele |
| | FJ van der Merwe |

Die Komitee bestaan uit vyf Nie-uitvoerende Direkteure met die Voorsitter wat 'n Nie-uitvoerende Direkteur is. Die doel van hierdie Komitee is om die Direksie in hul verantwoordelikheid ten opsigte van verkrygings- en kapitaaluitgawes te ondersteun.

DIREKTEURSNOMINASIEKOMITEE

| | |
|-------|-------------------------|
| Lede: | PF Erasmus (Voorsitter) |
| | GAL Ebedes |
| | NO Davies |
| | MM Moloele |
| | FJ van der Merwe |

Die Komitee se belangrikste verantwoordelikheid is om, op 'n jaarlikse basis, die lidmaatskap van die Direksie en die prestasie van die Uitvoerende Direkteure, met inagneming van die huidige en toekomstige behoeftes van die Maatskappy te evalueer, asook om voorstelle te maak met betrekking tot die samestelling van die Direksie en aanstellings. Sodanige aanstellings is formeel, deursigtig en word deur die totale Direksie hanteer.

AANDELEVERHANDELINGSKOMITEE

| | |
|-------|-------------------------|
| Lede: | PF Erasmus (Voorsitter) |
| | JD Wright |
| | I de W Goosen |

'n Aandeleverhandelingskomitee is ingevolge die JSE Noteringsvereistes saamgestel om alle aandeelverhandelings en -verkope deur die Maatskappy se Direkteure goed te keur. Volledige rekord van die versoeke en goedkeurings word deur die Maatskappysekretaris gehou.

BESTUURSVERSLAGDOENING

Daar is omvattende bestuursverslagdoeningsbeginsels in plek, wat die voorbereiding van jaarlikse begrotings van alle bedryfseenhede insluit. Die Uitvoerende Komitee (Uitvoerende Direkteure) keur individuele bedryfsbegrotings goed, terwyl die Groepsbegroting deur die Maatskappy se Direksie gekontroleer word. Daar word maandeliks verslag gedoen oor die resultate en die finansiële status van bedryfseenhede teenoor goedgekeurde begrotings en met die vorige jaar se resultate vergelyk.

Winsprojeksies en kontantvloei-vooruitskattings word maandeliks bygewerk, terwyl bedryfskapitaal en leningsvlakke deurlopend gemonitor word.

INTERNE BEHEER

Die Groep hou interne beheer en stelsels in stand wat ontwerp is om redelike versekering te verskaf met betrekking tot die integriteit en betroubaarheid van die finansiële state en sy bates voldoende te beskerm, te verifieer en te verantwoord. Sodanige beheermaatreëls is gegrond op gevestigde beleide en prosedures en word deur opgeleide personeel geïmplementeer met 'n toepaslike skeiding van pligte. Die Groep het sy interne ouditfunksie uitgekонтakteer. Hierdie interne ouditfunksie funksioneer in opdrag van die Groep Oudit- en Risikobestuurskomitee, wat die omvang van die werk wat uitgevoer word, goedkeur. Daar word verslag gedoen oor wesenlike bevindings aan beide die uitvoerende bestuur en die Oudit- en Risiko-bestuurskomitee. Regstellende aksies word geneem om tekortkominge ten opsigte van interne beheer wat in die uitvoering van die werk geïdentifiseer is, aan te spreek.

PricewaterhouseCoopers Ing. tree op as die eksterne ouditeure en KPMG as die interne ouditeure.

Niks het onder die aandag van die Direkteure, of die ouditeure gekom wat wesenlike gebreke in die funksionering van die Groep se sleutel interne kontroles en stelsels gedurende die jaar onder oorsig aantoon nie.

Die Groep het omvattende risiko- en verliesbeheerprosedures in plek wat 'n integrale deel van 'n gesofistikeerde selfversekeringsprogram vorm. Die strukturering van die program het tot gevolg dat die Groep hoogs kompeterende tariewe verkry, terwyl ander maatskappye beskerm word teen wesenlike verliese deur plaaslike en buitelandse versekering.

LOPENDE SAAK

Die finansiële jaarstate wat in hierdie jaarverslag uiteengesit word, is voorberei volgens Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde. Dit is gebaseer op gepaste rekeningkundige beleide wat konsekwent toegepas word.

Nadat AFGRI se finansiële projeksies geëvalueer is, is die Direkteure van mening dat die Groep sal voortgaan om as 'n lopende saak in die komende jaar handel te dryf.

KOMMUNIKASIE MET AANDEELHOERS

AFGRI is verbind tot 'n proses van deurlopende dialoog met sy beleggers. AFGRI is proaktief met die verspreiding van inligting aan betrokke partye deur die JSE SENS kommunikasiestelsel, gedrukte en elektroniese mediaverklarings en die statutêre publikasie van sy finansiële resultate. Daar word op 'n gereelde basis met alle belanghebbendes gekommunikeer.

Die Direksie wil alle belanghebbendes aanmoedig om die aandeelhoudersvergadering by te woon, aangesien dit die ideale geleentheid is om hul menings uit te spreek.

Die Groep is verbind tot deursigtigheid.

WERKNEMERDEELNAME

AFGRI gebruik 'n verskeidenheid deelnemende strukture om sake te hanteer wat werknemers direk en wesenlik raak. Dit sluit in strukture om produktiwiteitsverbeterings, veiligheidskomitees en ander deelnemende forums te dryf.

Die Groep is verbind tot die skepping van 'n werksomgewing waarin werknemers aangemoedig word om by sy sake betrokke te raak en om 'n deeglike begrip van aktiwiteite in te win. Dit word bereik deur werknemerforums wat in die Groep funksioneer en die gereelde publikasie van interne kommuniqués.

KORPORATIEWE BEHEER (vervolg)

26

ETIESE KODE

'n Etiese kode is aanvaar wat vereis dat alle werknemers deelneem aan die Groep se verbintenisse tot hoër morele, etiese en regstandaarde.

Hierdie kode reël die Groep se verantwoordelikheid teenoor aandeelhouers, kliente, verskaffers en die breër gemeenskap, asook die persoonlike optrede van Direkteure, bestuur en ander werknemers.

Die Groep handhaaf 'n geslote tydperk van een maand voor die finansiële jaareinde of halfjaar tot die publiserings van hierdie resultate, waartydens geen Uitvoerende Direkteur of werknemer direk of indirek in AFGRI Beperk se aandele handel dryf nie. Werknemers met kontrakte, wat toegeken is ingevolge die AFGRI

Aandele-aansporingskema, kan hierdie aandele egter tydens die geslote tydperk, met magtiging van die Besturende Direkteur, verhandel. Addisionele tydperke kan van tyd tot tyd "geslote" verklaar word as omstandighede hierdie optrede noodsaak.

OPENBAARMAKING

Die jaarverslag bevat voldoende openbaarmaking met betrekking tot die finansiële jaarverslag, ouditeure se verantwoordelikhede, rekeningkundige rekords, interne beheer, risikobestuur, rekeningkundige beleid, nakoming van rekeningkundige standaarde, lopende saak-aangeleenthede en voldoening aan die Kodes van Korporatiewe Beheer en die JSE Noteringsvereistes.

TEENWOORDIGHEID BY DIREKSIE- EN KOMITEEVERGADERINGS

| Direksielid | Oudit- en | | | | | |
|---------------------------|--------------------------|--------------------|-------------------------|---------------------|-------------------------|-----------------------|
| | Direksie- vergadering | Risiko- komitee | Verkrygings- komitee | Krediet- komitee | Vergoedings- komitee | Nominasie- komitee |
| | 6 | 3 | 1 | 4 | 4 | 2 |
| CA Apsey | 6 | nvt | 1 | nvt | nvt | nvt |
| JJ Claassen | 6 | 3 | 1 | nvt | nvt | nvt |
| NO Davies | 6 | 3 | nvt | 4 | 4 | 2 |
| GAL Ebedes | 6 | nvt | nvt | 1 | 4 | 2 |
| PF Erasmus | 6 | nvt | 1 | 4 | 4 | 2 |
| JJ Ferreira | 6 | nvt | nvt | nvt | nvt | nvt |
| I de W Goosen | 6 | 3 | nvt | 4 | nvt | nvt |
| MM Moloele | 6 | nvt | 1 | nvt | 4 | 2 |
| DM Sewela | 1 | nvt | nvt | nvt | nvt | nvt |
| KL Thoka | 5 | 3 | nvt | nvt | nvt | nvt |
| FJ van der Merwe | 6 | 3 | 1 | nvt | 3 | 2 |
| JTJ van Rensburg | 5 | nvt | nvt | nvt | nvt | nvt |
| JD Wright | 5 | 3 | nvt | 4 | 1 | nvt |
| Totale lidmaatskap | 13 | 6 | 5 | 4 | 5 | 5 |

Aantekening: DM Sewela is slegs effektief vanaf 7 April 2006 as 'n volle Direkteur aangestel.

Die lidmaatskap van die Vergoedings-, Nominasie- en Kredietkomitee is gedurende Julie 2005 hersaamgestel.

Gewone aandeelprestasie (sent per aandeel)

| | | | | | |
|----------------------------------|-------------|-------|-------|-------|-------|
| Verdiensle | 39,0 | 32,6* | 62,9 | 65,8 | 67,9 |
| Wesensverdiensle | 37,2 | 34,2* | 73,3 | 66,1 | 68,9 |
| Kontantvloei | 41,7 | 62,0 | 120,3 | 150,3 | 111,5 |
| Dividende en kapitaaldistribusie | 30,3 | 140,2 | 41,3 | 37,8 | 268,0 |

| | | | | | |
|------------------------|-------------|-------|------|------|-------|
| – Interim | 9,1 | 18,3 | 15,2 | 15,2 | 9,9 |
| – Finaal voorgestel | – | 8,0 | 26,1 | 22,6 | 13,1 |
| – Spesiale distribusie | – | 113,9 | – | – | 245,0 |
| – Kapitaaldistribusie | 21,2 | – | – | – | – |

| | | | | | |
|--------------------------|--------------|-------|-------|-------|-------|
| Netto tasbare batewaarde | 307,5 | 294,8 | 268,0 | 354,6 | 387,9 |
|--------------------------|--------------|-------|-------|-------|-------|

Opbrengste

| | | | | | |
|---|-------------|------|------|------|------|
| Opbrengs op gemiddelde ekwiteit (%) | 11,7 | 12,5 | 21,7 | 17,0 | 17,7 |
| Bedryfswins tot verkope uit voortgesette bedrywighede (%) | 3,6 | 2,4 | 6,6 | 4,6 | 7,5 |
| Effektiewe belastingkoers (%) | 10,1 | 31,6 | 31,8 | 22,5 | 29,3 |

Produktiwiteit

| | | | | | |
|----------------------------------|----------------|---------|---------|---------|---------|
| Waarde toegevoeg (Rm) | 921,6 | 981,0 | 1 059,0 | 966,8 | 785,5 |
| Netto bate verkope (keer) | 3,4 | 4,0 | 6,2 | 5,1 | 3,6 |
| Netto bates per werknemer (R000) | 388,1 | 339,3 | 188,3 | 244,8 | 328,2 |
| Verkope per werknemer (R000) | 1 318,4 | 1 361,9 | 1 163,9 | 1 239,4 | 1 098,4 |

Solvabiliteit en likiditeit

| | | | | | |
|---|-------------|------|------|------|------|
| Rentedekking (keer) | 2,8 | 3,5 | 3,0 | 4,1 | 8,9 |
| Dividenddekking in vergelyking met spesifieke jaar (keer) | 1,3 | 1,2 | 1,5 | 1,7 | 3,0 |
| Kontantrealisasiekoers | 0,7 | 1,0 | 1,4 | 1,8 | 1,3 |
| Rentevrye laste/totale bates | 38,0 | 46,1 | 36,1 | 42,7 | 36,5 |
| Bedryfsverhouding | 1,3 | 1,3 | 1,5 | 1,3 | 1,6 |
| Vuurproefverhouding | 0,8 | 0,8 | 1,1 | 1,0 | 1,3 |

* Die 2005 syfers bestaan uit pro forma inligting vir die netto wins om die SEB-effek van die vorige jaar in te sluit.

Die Groep se finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006 is die eerste wat in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde ("IFVS") opgestel is en die Groep het IFVS 1 toegepas in die opstelling daarvan. AFGRI se oorskakelingsdatum is 1 Maart 2004. Gevolglik is dit slegs 2005 en 2006 se inligting wat aangesuiwer is vir IFVS.

GROEPOORSIG (vervolg)

28

| | 2006 | 2005 | 2004 | 2003 | 2002 |
|---|----------------|---------|---------|---------|---------|
| JSE prestasie | | | | | |
| Verhandelingspryse (sent per aandeel) | | | | | |
| – laaste verkope in jaar | 640 | 480 | 630 | 420 | 451 |
| – hoog | 700 | 780 | 630 | 620 | 570 |
| – laag | 450 | 480 | 410 | 420 | 302 |
| – geweegde gemiddelde verhandelingsprys per aandeel | 533 | 652 | 470 | 530 | 471 |
| Prysverdiensterhouding | 16,4 | 14,7* | 10,0 | 6,4 | 6,6 |
| Prysverdiensterhouding (gebaseer op wesensverdienste) | 17,2 | 14,0* | 8,6 | 6,4 | 6,5 |
| Jaareindmarkprys/netto belang per aandeel | 1,8 | 1,5 | 2,2 | 1,1 | 1,2 |
| Aantal aandele uitgereik op jaareinde (m) | 341,2 | 326,9 | 333,1 | 327,8 | 334,4 |
| Volume aandele verhandel (m) | 103,5 | 119,9 | 151,1 | 69,5 | 91,5 |
| Aantal transaksies | 6 536 | 8 870 | 4 883 | 3 413 | 3 534 |
| Volume verhandel as % van aantal uitgereik | 30,3 | 36,7 | 42,1 | 19,7 | 26,4 |
| Waarde van aandele verhandel (Rm) | 545,9 | 782,1 | 710,6 | 369,0 | 431,5 |
| Markkapitalisasie (Rm) | 2 183,6 | 1 569,2 | 2 098,5 | 1 376,6 | 1 508,0 |
| Aantal aandeelhouers | 5 409 | 6 032 | 5 308 | 5 213 | 4 719 |
| Verdiens-te-opbrengs (%) | 6,1 | 6,8 | 10,0 | 15,7 | 15,1 |
| Dividendopbrengs (%) | 4,7 | 5,5 | 6,6 | 9,0 | 5,1 |

| | 2006 | 2005 | 2004 | 2003 | 2002 |
|--|----------------|---------|---------|---------|---------|
| | Rm | Rm | Rm | Rm | Rm |
| Kontantvloeï-inligting | | | | | |
| Netto kontant verkry uit bedryfsaktiwiteite | 17,9 | 25,4 | 103,1 | 271,0 | 951,6 |
| Netto kontant (benut in)/verkry uit investeringsaktiwiteite | (217,0) | 18,7 | (98,6) | (216,5) | 36,9 |
| Netto kontant verkry uit/(benut in) finansieringsaktiwiteite | 55,3 | (133,5) | (15,8) | (56,7) | (763,3) |
| (Afname)/toename | (143,8) | (89,4) | (11,3) | (2,2) | 225,2 |
| Beweging in kontant en kontantekwivalente | | | | | |
| Begin van jaar | (153,9) | (64,5) | 246,0 | 248,2 | 23,0 |
| (Afname)/toename | (143,8) | (89,4) | (11,3) | (2,2) | 225,2 |
| Einde van jaar | (297,7) | (153,9) | 234,7 | 246,0 | 248,2 |
| Inkomstestaatinligting | | | | | |
| Verkope | 5 788,0 | 6 246,9 | 5 913,9 | 6 041,3 | 4 472,8 |
| Wins voor inkomstebelasting | 186,3 | 230,7* | 370,0 | 278,3 | 324,4 |
| Inkomstebelastinguitgawe | (14,4) | (66,2)* | (96,1) | (62,2) | (95,1) |
| Wins na inkomstebelasting | 171,9 | 164,5 | 273,9 | 216,1 | 229,3 |

GROEPOORSIG (vervolg)

30

| | 2006 | 2005 | 2004 | 2003 | 2002 |
|---|----------------|----------------|----------------|----------------|----------------|
| | Rm | Rm | Rm | Rm | Rm |
| Balansstaatinligting | | | | | |
| Bates | | | | | |
| Nie-bedryfsbates | 1 255,9 | 1 096,6 | 706,9 | 679,1 | 634,1 |
| Bedryfsbates | 2 571,4 | 2 790,7 | 2 125,6 | 2 695,5 | 1 826,7 |
| Nie-bedryfsbates beskikbaar-vir-verkoop | 86,4 | – | – | – | – |
| Totale bates | 3 913,7 | 3 887,3 | 2 832,5 | 3 374,6 | 2 460,8 |
| Ekwiteit en laste | | | | | |
| Kapitaal en reserwes | 1 172,6 | 1 042,1 | 1 379,4 | 1 210,9 | 1 336,3 |
| Minderheidsbelang | 531,1 | 514,4 | – | – | – |
| Nie-bedryfslaste | 232,9 | 130,6 | 64,3 | 79,6 | 81,8 |
| Bedryfslaste | 1 974,2 | 2 200,2 | 1 388,8 | 2 084,1 | 1 042,7 |
| Laste geassosieer met nie-bedryfsbates beskikbaar-vir-verkoop | 2,9 | – | – | – | – |
| Totale ekwiteit en laste | 3 913,7 | 3 887,3 | 2 832,5 | 3 374,6 | 2 460,8 |

BEDRYFSVERHOUDING

Bedryfsbates gedeel deur bedryfslaste.

BEDRYFSWINS TOT VERKOPE UIT VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE

Bedryfswins as 'n persentasie van verkope.

DIVIDENDEKKING

Verdienste per aandeel gedeel deur dividend per aandeel.

DIVIDENDOPBRENGS

Dividend per aandeel gedeel deur die sluitingsprys van AFGRI op die JSE Beperk ("JSE") op 28 Februarie 2006.

KONTANTVLOEI PER AANDEEL

Die toeskryfbare kontantvloei uit bedrywighede gedeel deur die geweege gemiddelde aantal uitgereikte aandele gedurende die jaar.

KONTANTREALISASIEKOERS

Dit is die persentasie van die kontantverdienste gerealiseer en word verkry deur kontantvloei per aandeel te deel deur die kontantekwivalente verdienste per aandeel.

NETTO BATES

Die som van vaste en bedryfsbates min bedryfslaste, lenings en uitgestelde inkomstebelasting.

NETTO BATES PER WERNEMER

Netto bates gedeel deur die aantal permanente werknemers op jaareinde in diens.

NETTO BATE VERKOPEVERHOUDING

Verkope gedeel deur sluitingsnettobates

NETTO TASBARE BATEWAARDE

Kapitaal en reserwes min ontasbare bates gedeel deur die aantal uitgereikte aandele op jaareinde verminder met tesourie-aandele.

OPBRENGS OP GEMIDDELDE EKWITEIT

Verdienste toeskryfbaar aan ekwiteitsaandeelhouers as 'n persentasie van gemiddelde aandeelhouersekwiteit.

PRYSVERDIENSTEVERHOUDING

Die sluitingsprys van aandele op die JSE op 28 Februarie 2006 gedeel deur die verdienste per aandeel.

RENTEDEKKING

Bedryfswins gedeel deur finansieringskoste.

VERDIENSTE PER AANDEEL

• Toeskryfbare verdienstebasis

Verdienste toeskryfbaar aan ekwiteitsaandeelhouers gedeel deur die geweege gemiddelde uitgereikte aandele gedurende die jaar.

• Kontantekwivalente basis

Verdienste toeskryfbaar aan ekwiteitsaandeelhouers aangesuiwer vir nie-kontantitems in toeskryfbare verdienste gedeel deur die geweege gemiddelde aantal uitgereikte aandele gedurende die jaar.

VERDIENSTE-OPBRENGS

Verdienste per aandeel gedeel deur die sluitingsprys op die JSE op 28 Februarie 2006.

VERKOPE PER WERKNEMER

Verkope gedeel deur die aantal permanente werknemers in diens.

VUURPROEFVERHOUDING

Bedryfsbates min voorraad gedeel deur bedryfslaste.

STAAT VAN TOEGEVOEGDE WAARDE

32

| | 2006 | | 2005 | |
|---|----------------|------------|-------------|-----|
| | R000 | % | R000 | % |
| Verkope uit goedere en dienste | 5 787 981 | | 6 246 885 | |
| Beleggingsinkomste | 57 284 | | 32 213 | |
| Koste van goedere en dienste | (4 923 664) | | (5 298 080) | |
| Waarde toegevoeg | 921 601 | 100 | 981 018 | 100 |
| Benut om: | | | | |
| Werknemers vir hul dienste te vergoed | 593 651 | 64 | 570 737 | 58 |
| Leners en aandeelhouers met 'n opbrengs op kapitaal te voorsien | 161 659 | 18 | 229 856 | 23 |
| Finansieringskoste | 102 752 | 11 | 92 953 | 10 |
| Dividende en distribusies | 58 907 | 7 | 136 903 | 14 |
| Belasting aan die Regering betaal | 31 068 | 3 | 44 592 | 5 |
| Fondse terug te hou in die besigheid | 135 223 | 15 | 135 833 | 14 |
| Waardevermindering en amortisasie | 65 057 | 7 | 89 104 | 9 |
| Behoue verdienste | 70 166 | 8 | 46 729 | 5 |
| Totale benutting van toegevoegde waarde | 921 601 | 100 | 981 018 | 100 |